Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Almaret du Toit**
Direktoraat: Kurrikulum AOO
almaret.dutoit@westerncape.gov.za | 021 467 2172

Lêerno.: 21/2/5/2
Verwysing: 20250625-4342

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0006/2025

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Grondslagfase-vakadviseurs, Prinsipale en Departementele hoofde van gewone openbare skole

**Onderwerp: Bekendstelling van 'n gestruktureerde geletterdheidsprogram vir Xhosa Huistaal, gebaseer op die wetenskap van lees, aan alle beginner-opvoeders wat in 2025 hul onderwysloopbaan in die Grondslagfase begin het**

1. In 2019 het die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) besluit om 'n gedifferensieerde benadering tot Taal vir elk van die drie Huistale (HT'e) in die provinsie te volg. Dit is gebaseer op die uitslae van die program van sistemiese toetsing vir 2011 tot 2019, asook die bevindinge van die 2016 *Progress in International Reading Literacy Study (PIRLS)*.

2. In 2020 het die WKOD 'n vennootskap met Funda Wande aangegaan en gesamentlik 'n gestruktureerde geletterdheidsprogram vir Xhosa HT in die Grondslagfase ontwikkel.

3. In 2021 en 2022 is die Funda Wande-program as proefprogram by tien skole, waar Xhosa die Taal van Leer en Onderrig (TLO) is, bekendgestel.

4. Die Funda Wande-program is in 2023 na alle Grondslagfase-klasse, in skole waar Xhosa die TLO is, uitgebrei en dit tot aan die einde van 2025 voortgaan. Alle graad 1- tot 3-opvoeders het van 2023 tot 2024 opleiding hieroor ontvang.

5. Die doel van die program is om lees en begrip in Xhosa HT in die Grondslagfase te versterk. Dit vorm deel van die Wes-Kaap se leesstrategie en die WKOD se vyfjaar- strategiese plan.

6. Hierdie minuut dien om skole in kennis te stel dat alle graad dat alle graad 1- tot 3-beginner-opvoeders in skole waar Xhosa die TLO is, in 2025 opleiding sal ontvang vir implementering van die program in 2026.

7. Graad 3-opvoeders sal vanaf 06 tot 09 Oktober 2025 opleiding ontvang. Daar sal van alle graad 1- tot 3-beginner-opvoeders wat Xhosa HT in die Grondslagfase onderrig, verwag word om die opleiding by te woon.

8. Distrikte sal die besonderhede en plekke waar hierdie opleiding sal plaasvind, vooraf bekendmaak.

9. Vir meer inligting, kom in aanraking met die Grondslagfase-koördineerder in die betrokke distrik:

| Distrik | Koördineerder | Tel. no. | E-pos |
|---|---|---|---|
| Metro-Noord | Jenny Daniels | 021 938 3044<br>084 388 5920 | Jennifer.Daniels@westerncape.gov.za |
| Metro-Sentraal | Juanita van der Merwe | 021 514 6773<br>079 944 7536 | Juanita.vanderMerwe@westerncape.gov.za |
| Metro-Suid | Vanessa Randelhoff | 021 370 2025<br>083 309 1383 | Vanessa.Randelhoff@westerncape.gov.za |
| Metro-Oos | Marie Engelbrecht | 021 900 7191<br>081 271 1153 | Marie.Engelbrecht@westerncape.gov.za |
| Weskus | Michelle Delport | 021 860 1590<br>060 508 8305 | Michelle.Delport@westerncape.gov.za |
| Kaapse Wynlande | Lecinda Coetzee | 023 348 4606<br>082 253 2434 | Lecinda.Coetzee@westerncape.gov.za |
| Overberg | Sandra Cloete | 028 214 7378<br>072 386 8936 | Sandra.Cloete@westerncape.gov.za |
| Eden en Sentraal-Karoo | Nelmarie Kriel | 044 803 8300<br>082 374 2961 | Cornelie.Kriel@westerncape.gov.za |

10. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle Grondslagfase-opvoeders en skoolbestuurspanne by hul skole te bring.

**GETEKEN:** BJ LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2025-06-26